*Maandag* **23 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 23**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:5, 6 (AFR33/53)**
**Die Here Jesus is my Gasheer**

Psalm 23 leer ons dat die Here nie net ons Herder is nie (vs 1-4), maar ook ons Gasheer (vs 5, 6). Dawid gebruik die beeld van ’n gasheer wat sy gas in die woestyn verwelkom en versorg. So is die Here vir ons: Hy nooi ons in sy verbondstent in en laat ons vir ’n feesmaal aansit – selfs in die teenwoordigheid van ons vyande! Hierdie feesmaal is nie net gewone kos nie, maar op dieper vlak dui dit ook op die “offertafel” en Christus self, die Brood van die Lewe. *Die Here Jesus is my Gasheer. Sy barmhartigheid is oorvloedig en vir altyd*.

Die Psalm leer ons dat die Here se barmhartigheid *oorvloedig* is. Hy salf ons koppe met olie – ’n verwysing in die res van die Skrif na die Heilige Gees. Ons bekers loop oor. Soos ’n gas in ’n rykman se tent, ontvang ons nie net die basiese nie, maar die beste. Die Here weerhou niks van ons nie. Hy bedien ons met geestelike rykdom: die wyn van verlossing, die olie van salwing, die Brood van die lewe!

Die Here se barmhartigheid is ook *vir altyd (permanent)*. Sy goedheid en guns, wat dui op sy verbondstrou, agtervolg ons al die dae van ons lewe. Selfs as ons deur die donker dal en doodsvalleie stap, weet ons: ons stap nie weg van die Vaderhuis nie, maar ons is juis oppad terug – om te wees waar ons vir altyd sal bly!

Die barmhartigheid van ons Gasheer word so duidelik wanneer ons aan die Nagmaaltafel aansit. Christus bedien ons, selfs voor die oë van ons vyande, met Homself – die Lewe! Ons barmhartige Gasheer roep ons ook aan sy Tafel op tot heiligmaking: jy kan nie aan die Tafel van die Here en van die duiwels deelhê nie. Ons verklaar oorlog teen sonde en leef voortaan vanuit die Here se oorvloedige, permanente barmhartigheid en genade.

*Sing Psalm 23:1, 2*